Hoe lyk die toekoms van die NG Kerk? Jou opinie maak saak

Die NG kerk is by ‘n kritiese draaipunt in sy lang geskiedenis. Die wêreld om ons en die kerk self is besig om diep veranderings te ondergaan en dit is nodig dat ons besluite sal neem wat gaan oor die koers en rigting van die NG kerk.

By die volgende vergadering van die Algemene Sinode in Oktober, gaan ons nadink oor die rol wat die kerk behoort te speel in die samelewing waarin God ons geroep het. Ons wil graag jou stem hieroor hoor. Julle kan as individue, kerkrade, leraarspanne, of ander groeperinge in die gemeente reageer. Ons wil veral graag jonger mense se stemme hoor.

Dit gaan oor ses sake:

- die **eksterne en die interne uitdagings** wat die kerk raak,
- die **roeping en die bediening** van die kerk,
- die **toekomstige teologiese rigting en die struktuur** van die NG kerk.

Hierdie is groot en belangrike sake en ons wil hoor hóé jy hieroor dink.

Ons gaan van nou af weekliks een van hierdie vrae op die tafel sit. Jy kan jou mening op een of meer van die onderstaande drie opsies gee (klik op ’n skakel wat jou na die onderskeie sosiale media platforms sal neem):

- ‘n *veelvoudige keuse vraelys* op *Kerkbode* se webblad by **AMPTELIK**, of
- kommentaar op die *Facebook*-blaaie van die **Algemene Sinode** en **Kerkbode** of
- ‘n E-pos wat nie oop is vir ander om te lees nie, na die volgende adres: **beplanning@ngkerk.net**. Gebruik gerus die e-pos om as kerkraad, leraarspan, of ander groepering, julle mening te gee.

Dankie dat julle ons hiermee sal help.

Dr Lourens Bosman
Algemene Bestuurder
Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk